higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VRAGLOGISTIEK
NKR VLAK 2

10 November 2022

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Onwaar
1.2 Waar
1.3 Waar
1.4 Waar
1.5 Onwaar

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 2

2.1 F
2.2 D
2.3 A
2.4 E
2.5 B

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 3

3.1 Die manier waarop die beweging van goedere tussen twee punte bestuur word om te verseker dat daar aan die klante, maatskappye en/of organisasies se behoeftes voldoen word.

3.2 Die punt of toestand waar 'n persoon of maatskappy nie 'n wins of 'n verlies toon nie.

3.3 Die gehalte van goedere wat die klante bereid en in staat is om teen verskeie pryse tydens 'n bepaalde tydperk of tyd en plek te koop.

3.4 Die herwinning van goedere of dienste wat nie meer vir die aanvanklike of bedoelde funksie geskik is nie, maar wat meer waarde het as die waarde wat dit sou gehad het as dit weggegooi is.

3.5 Geld wat 'n maatskappy nodig het om goedere en/of dienste te koop wat nodig is om 'n inkomste te genereer.

(5 × 2) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B

VRAAG 4

4.1.1 Die vennootskap het die verspreider in staat gestel om klantediens te verbeter, die grootte van die interne vloot voertuie te verminder en om toegewyde kapasiteit aan te wend. (2)

4.1.2 Vervoerdepartement (1)

4.1.3
- Berging is nuttig vir die stoor van goedere wanneer die vraag minder as die aanbod is.
- Dit verseker veilige en sekere toesig oor goedere.
- Dit laat besighede toe om goedere te verwerk, meng, verpak en gradeer voordat dit verkoop word.
- Beter voorraadbestuur: pakhuise verskaf gesentraliseerde liggings waar al die goedere van besighede gestoor word.
- Vergemaklik gereelde produksie: pakhuise help met die regulering van die onderneming se bedrywighede. Dit voorsien op deurlopende grondslag al die nodige grondstowwe en bewaar dit in groot hoeveelhede. (Enige 4 × 2) (8)

4.2.1
- Arbeid wat in die gebied beskikbaar is✓

Die beskikbaarheid van 'n betroubare✓ en produktiewe arbeidsmag in gemeenskappe in die nabygeleë gebiede is 'n belangrike oorweging.✓

- Vervoer ✓

Die koste daarvan om produkte vanaf 'n verspreidingspunt na die klante te verskuif word beïnvloed deur brandstofpryse✓ en onderhoudskoste aan vragmotors.✓

- Koste en eskalasiekoers ✓


Die verskuiwing van 'n gevestigde bedryf✓ is duur en moet liefs voorkom word.✓

- Berging✓

Indien 'n pakhuis op 'n goeie plek geleë is met ’n nabygeleë, produktiewe arbeidsmag en van doeltreffende bergingstelsels voorsien is, maak dit die doeltreffende vloei van produkte moontlik.✓
(3 × 3) (9)

Kopiereg voorbehou

4.2.2 **ORGANISASIESTRUKTUUR VAN PENSKE SE PAKHUIS✓**



Gee 1 punt vir die korrekte tekening van die organogram. (10)

4.2.3
- Afleweringsbewys
- Ritstaat
- Inspeksiesertifikaat
- Goedere-ontvangsbewys
- Hekpermitte
- Datablad oor veiligheid van materiaal
- Invoer- en doeaneklaringsdokumente (Enige 3 × 1) (3)

[33]

VRAAG 5

5.1 5.1.1 Bruto wins = verkope – koste van verkope ✓
= R 3 000 000 – R 600 000✓
= R2 400 000✓

5.1.2 Totale bedryfskoste = versekering + brandstof + telefoon + mannekragkoste
= R 30 000 + 45 000+ 80 000 + 170 000✓
= R 345 000

5.1.3 Netto wins = bruto wins – totale bedryfskoste✓
= 2 400 000 – 345 000✓
= 2 055 000✓

(3 × 3) (9)

5.2 Die roetebeplanner moet verseker dat die bestuurders die roetes volg waar die minste verkeersligte is om verminderde brandstofverbruik te verseker en die aantal stopplekke te verminder.✓✓ Optimale roetes moet eerder as minder optimale roetes gevolg word.✓✓ (4)

5.3
- Verpakking
- Handelsmerkgewing
- Bondeling
- Langtermyn berging
- Berging (Enige 3 × 1) (3)

5.4
- Pad – Barlow World logistics, Value Logistics
- Spoor – Transnet
- Water – Transnet en verskeie vervoermaatskappye
- Pypelyne – Transnet, BP, Shell, Total en Sasol
- Lugvervoer – SAA, British Airways (5)

[21]

VRAAG 6

6.1 Die doelwit van logistiek is om
- die regte produk of diens
- in die regte hoeveelhede of verskeidenheid
- op die regte plek
- op die regte tyd
- teen die regte koste
- in die regte toestand te lewer (Enige 5 × 1) (5)

6.2
- Vermindering van koste verseker dat daar minimale skade is
- Verhoging in kapasiteit deur die kortste moontlik roete te gebruik
- Verbetering van werksomstandighede deur toepaslike toerusting en spesiale verpakking te gebruik indien nodig (3 × 2) (6)

6.3
- Voorraadrekords mag onvolledig of verkeerd wees
- Voorraadinligting mag vir die verkeerde periode verwerk word
- Voorraaditems mag nie bestaan nie
- Waarde van voorraadhouding mag verkeerd wees (Enige 3 × 2) (6)

6.4
- Die stelling-identifikasie word gewoonlik op die goedere-ontvangsbewys saam met die goedere wat afgelewer word, verskaf.
- Goedere moet in die korrekte ligging of stelling geberg word.
- Goedere moet nie tydens die opbergingsproses beskadig word nie.
- Goedere moet korrek in die aangeduide ligging of stelling geberg word volgens die inligting wat op die goedere-ontvangsbewys verskyn.

(Enige 3 × 1) (3)

Kopiereg voorbehou

6.5 6.5.1 Die bevestiging van die bestelling en die skepping van interne werkopdragte.

6.5.2 Sodra die goedere gereed is om afgelewer te word, word die vervoerdokumentasie voltooi.

6.5.3 Dit kan op verskeie punte in die proses gedoen word, afhangende van die onderneming se interne prosedures of in ooreenkoms met die klante.

(3 × 2) (6)
[26]

TOTAAL AFDELING B: 85
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou